● *Oortreksel en handdoek beskikbaar by alle Mary Lou-winkels landwyd*
● Geelhouttoiletsitplekke is beskikbaar by The Cape Cottage Collection, Parkview, Johannesburg, tel. (011)-646-2038

**BENODIGDHEDE:** 50 cm deurgestikte katoenmateriaal, 60 cm katoenmateriaal (met dieselfde ontwerp as deurgestikte materiaal), satynlint (2 x breedte van handdoek + genoeg vir 2 strikkies), rek, 5,5 m kant (vir randafwerking van valle), bedrukte randstrook (breedte van handdoeke), bypassende gare.


**NATREK VAN PATROON:** Trek buiterand van toiletdeksel op bruinpapier na. Laat 1,5 cm ekstra om buiterand toe vir naat.

**KNIPWERK:** Knip toiletdeksel 1 keer uit deurgestikte katoenmateriaal. Knip 2 valle soos volg: lengte is 2,5 maal die lengte van toiletdeksel se omtrek; 1 val se breedte is 7 cm en ander val s'n is 9 cm. Knip 'n binnerand vir toiletdeksel, 12,5 cm breed, uit katoenmateriaal deur buiterand van patroonlyn te volg. Knip middel agter oop. Werk opening se rafelrande met 'n belegsel van 3 cm breed aan beide kante van opening af (diagram 1).

**STIKWERK: Toiletoortreksel:** Werk rafelrande van katoenstroke met kant af. Stik smaller en breër katoenstroke afsonderlik toe sodat 2 sirkels gevorm word. Ryg sirkels in sodat dit op buiterand van deksel pas. Ryg sirkels aan deksel vas met regte kante teen mekaar en breër sirkel bo-op smaller sirkel. Vou 'n soom van 3 cm breed aan binnerand waardeur rek geryg kan word. Ryg binnerand van toiletdeksel bo-op valle vas met regte kant na onder. Stik die dele om buiterand aan mekaar vas. Keer regte kante na buite. Ryg rek deur, maar hou punte los sodat dit geknoop kan word. Werk 'n strikkie aan bokant van deksel, teenaan valle, in die middel agter vas.

**Handdoek:** Stik bedrukte katoenstrook aan handdoek vas. Stik satynlint op rande van katoenstrook in posisie vas. Werk 'n satynstrikkie op satynlint vas.

**diagram 1**
**binnerand**






deur IZELLE PRINS

foto LIANA PASTOLL

# MOOIGOED VIR JOU BADKAMER

Met net 'n bietjie inisiatief en materiaal van Mary Lou kan jy iets besonders van jou gastebadkamer maak. Volg ons aanwysings en maak die toiletoortreksel en handdoekrand in 'n japtrap